higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

HOUTWERKERSTEORIE N1

2 AUGUSTUS 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: INLEIDING TOT DIE BOUBEDRYF EN PRODUKTIWITEIT

1.1
- Klein winkels
- Diensstasies
- Mediese geriewe
- Aftreeoorde
- Skole (Enige 3 × 1) (3)

1.2 1.2.1
- Kontroleer dat al die oppervlakke behoorlik gegleuf is.
- Kontroleer dat pleisterwerk die volle hoogte agter die vloerlys gedoen is.
- Kontroleer dat gedrukte voeë tussen verskillende materiale aangewend is.
- Maak seker dat alle afwerkings waterpas en glad is.
- Kontroleer dat elke werksaamheid aan die Gesondheid-en-Veiligheidswet voldoen. (Enige 4 × 1) (4)

1.2.2
- Maak seker dat al die stof vooraf opgevee word.
- Maak seker dat 'n grondlaag aan die agterkante van houtrame geverf is voordat dit monteer/vasgeheg word.
- Maak seker dat alle kwaste in die hout behandel is.
- Maak seker dat alle spykers deurgeslaan en afgeskilfer is. (4)

1.3 1.3.1 Brug wat bestaan uit twee hoë torings aan elke kant van die brugvak, met twee groot kabels tussen hulle.

1.3.2 'n Brug wat as 'n boog gevorm word

1.3.3 Die pad (brugvak) hang van kabels af wat aan die bokant van torings vasgeheg is.

1.3.4 In waterweëgebou vir skepe om deur te beweeg.

(4 × 1) (4)

[15]

VRAAG 2: VEILIGHEID EN HUISHOUDING

2.1
2.1.1 Onwaar
2.1.2 Onwaar
2.1.3 Waar
2.1.4 Onwaar
2.1.5 Onwaar
2.1.6 Waar

(6 × 1) (6)

2.2 Die beste manier is deur te konsentreer op wat jy doen. (1)

2.3 2.3.1 Gewysigde Wet op Beroepsgesondheid-en-Veiligheid (2)

2.3.2 Persoonlike Beskermende Toerusting/Beskermingstoerusting (1)

2.4
- 'n Opgeleide noodhulpwerker moet noodhulp op die beseerde persoon toepas.
- Dit kan dalk nodig wees om 'n ambulans te ontbied om die beseerde hospitaal toe te neem.
- Reddingspanne kan op die terrein benodig word om te help indien dit te gevaarlik is om die beseerde persoon te nader.
- Die ongelukstoneel moet onaangeraak word indien enigsins moontlik.
- Die beseerde persoon se onmiddellike toesighouer moet ingelig word.
- Die onderneming se gesondheid-en-veiligheidsdepartement moet ingelig word.
- In die geval van 'n noodlottige ongeluk, moet die polisie ingelig word.
- 'n Volledige ondersoek na die ongeluk moet uitgevoer word. (Enige 5 × 1) (5)

[15]

VRAAG 3: HOUT, HOUTPRODUKTE, METAAL EN GLAS

3.1 Die word veroorsaak deur swamgroei, wat op nat, warm, nie-geventileerde toestande of area floreer. (1)

3.2
- Verwyder alle geaffekteerde houtwerk en swamme uit die gebou en verbrand dit of raak daarvan ontslae op 'n veilige manier.
- Skakel alle ooglopende bronne van klamheid uit.
- Soek na verdere oorsake van klamheid binne en buite die aangetaste area.
- Steriliseer omringende mure en betonvloere en behandel met 'n geskikte swamdoder.
- Alle vervangende hout moet minder as 20% voginhoud hê.
- In alle areas waar daar 'n risiko van herbesmetting bestaan, sal die vervangende hout bederfwerende behandeling benodig, met spesiale aandag aan die endhout. (Enige 5 × 1) (5)

3.3 Ysterhoudende metale (1)
- Gietyster
- Staal (Enige 1 × 1) (1)

Nie-ysterhoudende metale (1)
- Lood
- Koper
- Sink
- Aluminium (Enige 1 × 1) (1)

3.4
- Loodgieterpype
- Spesiale geute
- Blindings en gordynrelings
- Isoleringsdoeleindes
- Veiligheidsvensters (Enige 4 × 1) (4)

3.5 3.5.1 Lamelbord
3.5.2 Ru-plank
3.5.3 Laaghoutbord
3.5.4 Spaanderbord
3.5.5 Hardebord
3.5.6 Sagtebord

(6 × 1) (6)
[20]

VRAAG 4: GEREEDSKAP EN MASJIENE

4.1.
- Bore
- Lughamers
- Bikhamers
- Klinknaelgewere ('riveting guns')
- Skuurmasjiene
- Slypmasjiene
- Spykergewere ('Nail guns')
- Kramskieters ('Staple guns') (Enige 4 × 1) (4)

4.2 4.2.1 Word gebruik om sponnings te sny saam met✓ of oor die draad✓
4.2.2 Word gebruik om gleuwe✓ oor die draad te sny✓
4.2.3 Dit verwyder merke, groewe of kepe✓ en enige ongelykheid✓

(3 × 2) (6)

4.3.
- Die toestel moet nooit na jou of na iemand anders wys nie, ongeag of dit 'n sluiter bevat of nie.
- Moet nie die toestel bedryf teen 'n druk wat hoër as die vervaardiger se aanslag is nie.
- Die sneller moet nooit afgedruk word tensy die neusstuk van die toestel op 'n veilige werkoppervlak gerig is nie.
- Moet nooit die toestel dra terwyl die sneller afgedruk is nie.
- Moet nie die toestel met kramme laai terwyl die sneller afgedruk is nie.
- Moenie te ver strek nie. Behou behoorlike vastrapplek en balans.
- Moenie kompressorlug gebruik om vullis weg te blaas of klere skoon te maak nie. (Enige 5 × 1) (5)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5 HEGMIDDELS, GOMME EN PASSTUKKE

5.1
- Kleiteëls
- Baksteenmure
- Klipmure
- Betonoppervlakke (Enige 3 × 1) (3)

5.2
- Watergebaseerd
- Groentegom
- Hars-sement
- Diere- of proteiengom
- Lateks-sement
- PVA (polivinielasetaat)-gom
- Rubbergebaseerde gom (kontakgom)
- Epoksiehars
- Siaanakrilaat (Enige 4 × 1) (4)

5.3 5.3.1 Getapte las✓ – word gebruik om twee stukke hout aan mekaar te heg ✓

5.3.2 Metaaltandverbinder ✓ – word gebruik om houtbalke van dieselfde dikte op dieselfde vlak aanmekaar te heg en die kragte so oor te dra ✓

5.3.3 Masjienskroef✓ – word gebruik om metaaldele aan mekaar te heg, soos skarniere aan metaaldeukosyne ✓

5.3.4 Grootkopspyker✓ – word gebruik om dun veselsementblaaie, pleisterplafonborde en dakvilt vas te spyker ✓


(4 × 2) (8)

[15]

VRAAG 6: LASTE/VOEË

6.1 Word gebruik om twee of meer planke parallel aan mekaar te heg. (1)


6.2.1



KORREKTE SKETS	1
UITLEG	1
NETHEID	1
TOTAAL	(3)

(3)


6.2.2



KORREKTE SKETS	1
UITLEG	1
NETHEID	1
TOTAAL	(3)

(3)

6.2.3



KORREKTE SKETS	1
UITLEG	1
NETHEID	1
TOTAAL	(3)

(3)
[10]

VRAAG 7: BOUVERWANTE BEREKENINGS

7.1 % voginhoud = $\frac{\text{Nat gewig – Droë gewig}}{\text{Droë gewig}} \times \frac{100}{1}$

$= \frac{550 - 490}{490} \times \frac{100}{1}$ ✓

$= \frac{60}{490} \times \frac{100}{1}$ ✓

= 12,24% ✓ (3)

7.2 15% van R8 430,00

= R8 430,00 × 0,15✓

= R1 264,50✓

35% of R8 430,00,00

= R8 430,00 × 0,35✓

= R2 950,50✓

Wins = R8 430,00 – (R1 264,50 + R2 950,50)✓

= R8 430,00 – R4 215,00✓

= R4 215,00✓ (7)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou